HOËRSKOOL • OUTENIQUA • HIGH SCHOOL

SKOOLHOOF: CP VORSTER • POSBUS / PO BOX 181 GEORGE 6530
TEL: 044 874 4156 • FAKS / FAX: 044 874 4188 / 086 635 7336 • E-POS / E-MAIL: info@outeniqua.co.za WEB: www.outeniqua.co.za

Covid 19

17 Junie 2020

Geagte Ouers/ Voogde, Opvoeders en Leerders

Ek vertrou dit gaan goed met julle.

Ons het op Dinsdag 16 Junie kennis gekry dat een van ons gr. 12-leerders positief getoets het. Daar is sekere voorskrifte wat gevolg moet word en daarom stuur ons eers op Woensdag 17 Junie 'n kennisgewing uit. Die belangrikste is dat die distrikskantoor in samewerking met die skoolbestuur, kyk of die voorskrifte van skandering en sosiale afstand nagekom is.

'n Paar belangrike punte uit die protokol van die Wes-Kaap Onderwysdepartement waarop ons almal moet let.

1. Die leerder of onderwyser of werker wat positief getoets is se naam mag nie bekend gemaak word nie.
2. Alle persone wat in **direkte kontak** met die persoon was, moet in isolasie geplaas word. (Wat beteken **direkte kontak**? Klousule L van die protokol bepaal 'n persoon moet nader as 1,5m, sonder 'n masker aan die geïnfekteerde persoon wees.)
3. Die klasse en kantore wat gebruik word, moet elke dag gesaniteer word.

Alle leerders en onderwysers wat in kontak met die leerder was, het die protokol nagekom. Hulle is in isolasie en gaan na agt dae vir toetse gaan. Die klasse en kantore wat elke dag gesaniteer moet word, is gedoen. Ons gebruik ultravioletligte om na elke sessie klasse te saniteer.

Dit is dus die redes waarom die distrikskantoor in samewerking met die hoof van onderwys en die skoolbestuur, besluit het om nie die skool te sluit nie.

Ons moet in hierdie tye fokus om die ses goue reëls na te kom.

1. Was jou hande gereeld met water en seep vir ten minste 20 sekondes.
2. Saniteer gereeld jou hande
3. Dra jou masker
4. Handhaaf 1,5m sosiale afstand
5. Nies of hoes in jou elmboog
6. Maak die werksoppervlakte waar jy werk gereeld skoon.

By Hoërskool Outeniqua is daar 'n sewende baie belangrike reël. Jy moet elke dag deur die bakke stap wat die kieme aan jou voete doodmaak.

Kom ons ondersteun mekaar om onder die moeilike omstandighede die beste vir ons leerders te doen.

Baie sterkte en skakel asseblief as daar 'n krisis is waarmee ons moet help.

Vriendelike groete

C. P. Vorster
Skoolhoof